Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Ef.4:1-16, Psalm 139 (vers 15)

Teks: Ef.4:9,10

H.K.: Sondag 16:44 (Kandelaar – Reeks Twaalf Artikels nr 10)

Datum: 8 Februarie 2009

Psalms: Ps.116:1,2,3; Ps.9:7; Ps 119:15; Ps 18:1,2,3; Ps 68:8,9

1. Inleiding

Elke Sondag sê ons saam met die dominee en - hopelik - van harte, die Twaalf Artikels op: "Ek glo in God die Vader…en in Jesus Christus…en in die Heilige Gees. Ons bely onder andere: "Ons glo…in Jesus Christus…wat neergedaal het na die hel". Wat 'n kosbare en heerlike belydenis, hoe ontsaglik troosryk is dit nie. Maar verstaan ons nog wat ons daarmee sê?

Ek wil ek vandag by hierdie wondermooie belydenis stilstaan.

2. INHOUD

Die hartklop van die evangelie

Met die belydenis van ons Twaalf Artikels dat ons Here Jesus ***neergedaal het na die hel*** staan ons ***by die hartklop van die evangelie***. Daarmee word uitgedruk wat die diepste betekenis van die lyding van ons Here Jesus Christus om ons ontwil was. Dit is 'n heerlike, troosryke belydenis, want daaruit leer ons: Die Seun van God was in die hel, sodat ons die paradys kan ontvang.

Tog was daar in die kerkgeskiedenis en ook in die hede baie kritiek teen en dwalings en misverstand rondom hierdie wonderskone artikel. Sommiges het byvoorbeeld daaruit afgelei dat Jesus werklik in die plek genaamd die hel was – na sy dood en voor sy opstanding.

My bedoeling is nie om op al die kritiek en afwykende standpunte in te gaan nie. Ek wil eerder hierdie belydenis saam met u toets aan die Skrif..

Die Skrif alleen moet beslis

Wat mense - ook vandag - van hierdie artikel dink, is nie belangrik nie. Wat wel van deurslaggewende en alles beslissende belang is, is die vraag of hierdie belydenis die toets van die Skrif kan deurstaan. Die Bybel moet die enigste maatstaf wees waaraan ons dit moet meet.

Ons moet dus aan die Skrif vra: Het Jesus neergedaal na die hel? Hierdie vraag moet met 'n nee en 'n ja beantwoord word.

⇒ Eerstens die NEE:

Jesus het ***níe*** (na sy dood) neergedaal na die hel nie

Daar is geen enkele Skrifgronde vir die standpunt dat Jesus na sy dood en terwyl Hy in die graf was, in die hel ***as plek*** was nie. Dit is genoegsaam om te wys op Jesus se woorde aan die moordenaar: "…vandag sal jy saam met my in die paradys wees" (Lk 23:43), en ons Heiland se sterwenswoorde: "Vader, in u hande gee ek my gees oor" (Lk 23:46). Dit sê alles: Toe Hy gesterf het, was Hy by sy Vader in die paradys en ***níe*** in die hel nie.

⇒ Maar nou tweedens die JA:

Jesus ***hét*** neergedaal na die hel

Na die hel as plek het Jesus dus nie neergedaal nie en tog bely ons: Hy ***hét*** neergedaal na die hel. Hoe moet ons dit verstaan?

Ek kan dit nie sterk genoeg beklemtoon dat Jesus wel ***neergedaal*** het en dat Hy neergedaal het ***na die hel*** nie. Elke woord van die artikel is waar.

Dit sê ek op grond van die Heilige Skrif alleen (Sola Scriptura).

'n Teks wat van besondere belang is, is Efesiërs 4 vers 9: "Maar dít: Hy het opgevaar - wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het ***in die onderste dele van die aarde***?"

Hierdie ***onderste dele van die aarde*** is deur die Roomse Kerk so verstaan as die plek genaamd “hel” waarheen Jesus na sy dood neergedaal het.

Daarteenoor is daar Gereformeerde verklaarders wat sê ons kan die ***onderste dele van die aarde*** beter so vertaal: " die laer dele, naamlik die aarde"... Hy het na die laer dele, naamlik die aarde neergedaal.

Tog is daar ‘n nog beter vertaling. In Psalm 139:15 lees ons: “My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef ***in die dieptes van die aarde***.” Daar kry u ook die uitdrukking ***die dieptes van die aarde***. En dit verklaar die Jode so dat dit gaan oor die moederskoot.

As ons dit in Efesiërs 4 in gedagte hou, weet ons presies waaroor dit gaan in die woorde “Hy het neergedaal in die dieptes van die aarde”. Hy het neergedaal in die moederskoot. Hy het die menslike natuur aangeneem.

Maar daar sit nog meer in die woorde van Efesiërs 4:9. Om te begryp wat Paulus hier sê, moet ons ook vers 10 betrek, naamlik dat Jesus opgevaar het "bokant alle hemele". Ons het hier te make met ***twee absolute, radikale uiterstes***: "neergedaal na die dieptes van die aarde" ***teenoor*** "opgevaar bokant alle hemele". In die eerste word ons Here Jesus se **aller diepste lyding en vernedering** - sy helse lyding - geteken en in die tweede sy **allerhoogste verhoging en verheerliking**. Ek kan dit ook so stel: Vers 9 het ***niks*** te doen met die HEL AS PLEK (dat Christus na sy dood na die hel as plek neergedaal het nie) nie en tog het hierdie vers ***alles*** met die hel te make, naamlik in dié sin dat Christus hel op aarde gehad het. Hy het immers van sy geboorte tot sy sterwe onder die straf van God verkeer en wat is dit anders as hel? En juis daarom, omdat Hy so diep gely het, kan Hy ons die gawes van vers 11 gee.

Daar is dus inderdaad in die Skrif ook sprake van 'n neerdaal.

Die beste kommentaar op hierdie gedeelte in Efesiërs 4, sê Calvyn, is Paulus self in Filippense 2 vers 6 tot 9: Die Seun van God het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en gehoorsaam geword tot die dood van die kruis; daarom het God Hom ook uitermate verhoog. Wil u daarom sien hoe diep die Seun van God om u ontwil neergedaal het? Lees dan daardie gedeelte. Dit was tot in die hel.

Dit word soms gesê: Jesus het nie na die hel toe gegaan nie, maar die hel het ***aan die kruis*** na Hom toe gekom. Dié uitspraak is vir my net gedeeltelik aanvaarbaar:

- Jesus hét na die aarde neergedaal om hier die helse lyding te ly. Die hel het nie net na Hom toe gekom nie, maar Hy het ook daarheen gegaan.

- Verder: ***Nie alleen Jesus se kruisiging*** moet ingesluit word by die woorde "wat neergedaal het na die hel", nie. ***Jesus se hele aardse lewe***, van sy geboorte tot sy sterwe, moet daarby ingesluit word (HK V/A 44). Vir toeriste in Jerusalem word gewys dat die Via Dolorosa (die lydensweg, die pad wat Jesus geloop het met die vloekhout) begin by die regssaal van Pontius Pilatus en eindig by Golgota. Die Skrif leer egter dat die Lydensweg begin het by die krip en gaan tot by die graf. Sy geboorte was sy eerste tree op die bitter weg. Iemand het dit treffend so verwoord: Reeds by die krip het Jesus begin om die koopsom vir ons verlossing uit te betaal. Maar die grootste geldstukke het Hy neergelê in die doodsangs van Getsemane en in die donker oomblik van die kruis, toe sy hande en voete deurboor is en toe Hy dit in doodsangs moes uitroep: "My God, my God, waarom het u my verlaat".

Elke woord (Woord) is belangrik

Ons mag nie die woord ***hel*** versag met byvoorbeeld diepste lyding nie. Die woord hel is 'n gelaaide woord: Dit herinner ons dat Jesus nie 'n gewone lyding gely het nie, maar ons moet God se grimmige hand en sy ewige oordeel daarin sien.

Neergedaal is eweneens 'n woord uit die verlossingsgeskiedenis. Dit is al duidelik uit Efesiërs 4. Hoe diep het die Seun van God nie neergedaal om ons te red nie: uit die hoë hemel tot in die diepste diepte van die ewige dood. Omdat Hy uit die hemel ***na die hel neergedaal het***, daarom - en juis daarom - is Hy die brood van die lewe wat uit die hemel neerdaal en daarom - en daarom alleen - kan Hy ons ook voed en verkwik tot die ewige lewe (Joh.6).

Elke woord van die artikel kom uit die Woord en daarom is die Woorde (hoofletter W) van hierdie artikel vir my noodsaaklik.

Hierdie artikel gee ons:

'n Dieper insig in ons Here Jesus se hele aardse lewe en lyding

Sommige mense wat 'n probleem met hierdie artikel het, sê dat dit die indruk skep asof Christus wel na sy dood na die hel neergedaal het. Hulle argumenteer dan so dat alles wat tot voor hierdie artikel gesê is, gebeurtenisse is wat in tyd die een op die ander volg: ***eers*** is Jesus ontvang van die Heilige Gees, ***toe*** is Hy gebore, ***daarna*** het Hy gely onder Pilatus en het Hy gesterf aan die kruis en ***toe*** is Hy begrawe. In die lig hiervan lyk dit asof ons artikel dan so verstaan moet word dat dit in tyd moet volg op die begrawe, dat dit dus sê: toe (nadat Hy gesterf het en begrawe is) het Hy neergedaal na die hel.

Die feit van die saak is egter dat die woorde ***eers***, ***toe*** en ***daarna*** nie in ons vertaling staan nie en nog minder in die oorspronklike.

Wat ons eerder hier het, is 'n ***geloofsuitspraak ('n opsomming)*** aangaande die diepste betekenis van ons Here Jesus se lewe en lyding van die wieg tot in die graf. Nadat die Twaalf Artikels al die feite aangaande Jesus se lewe genoem het, verklaar die belydenis, op grond van die Skrif, wat dit alles beteken: ***Dít*** (sy geboorte, kruis en dood) ***was neerdaal na die hel***.

Boonop, in hierdie regte uitleg van ons artikel word ons gehelp deur ons Kategismus (HK V/A 44). Nou mag daar mense wees wat sê: Nee, maar 'n geloofsartikel moet so duidelik wees, dat dit nie nodig is dat ons in 'n ander belydenisskrif 'n verklaring moet kry nie. Die argument hou egter geen water nie, want dan kan ons die artikel oor die ontvangenis van die Heilige Gees ook maar skrap. Ja, dan sal ons ook sekere Skrifgedeeltes (1 Pet.3:18-20) wat by sommige mense aanleiding gee tot die gedagte dat Jesus in die hel as plek was, moet skrap.

Die oplossing is daarom nie skrap of verander nie, maar gedeë katkisasie, kategismusprediking, ernstige Skrifstudie en getroue kerkbywoning.

Leer ons mense om hierdie kosbare artikel, hierdie skat uit die Woord, weer te begryp. Daar sonder - en selfs gedeeltelik daar sonder - verloor ons die grootste weelde.

Elke Sondag begin die ds die Twaalf Artikels met die woorde:

Saam met die kerk van alle eeue doen ons belydenis van ons geloof

Dit is nie hol, leë woorde nie. Dit is 'n geloofsbelydenis: Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges. Daarmee erken ons enersyds: Ons staan op dieselfde belydenis as ons geestelike vaders deur die eeue heen. Maar dit sê nog oneindig veel meer: Daarmee verklaar ons gelowig dat ons Twaalf Artikels 'n erfstuk uit die geskiedenis is, 'n wonderstuk van die gemeenskap van die heiliges. Ons mag daarin die wonder van die werk van die Heilige Gees sien: Die Gees van God het 'n broeder of broeders van my, soveel honderde jare gelede, na hierdie belydenis gelei en oor die lange eeue heen reik my broeder dit vir my aan in die Twaalf Artikels. Ja, ek glo in die Heilige Gees en ek glo in die gemeenskap van die heiliges wat Hy skep en waarin Hy werk. Daarom kan ek nie sommer so maklik oor hierdie artikel loop of dit skrap of verander nie.

Natuurlik moet ons ons belydenis steeds toets aan die Woord van die Gees. Mense bly sondaars. Ons mag egter nie vergeet dat die Heilige Gees ook deur mense wil werk nie.

Die Twaalf Artikels bly vir my 'n wonder van God. SKILDERY. Kyk net wat 'n heerlike, harmonieuse geheel dit is. Wie aan 'n deel torring, bederf die geheel. Deur die invoeging van hierdie artikel het ons 'n belydenis waarin die ***neergedaal*** en die ***opgevaar*** staan, die ***hel*** en die ***hemel***. Mense kan so 'n absoluut Skrifgefundeerde kunsstuk nie uitdink nie. Dit is 'n meesterstuk danksy die leiding van die Heilige Gees.

Saam met die kerk van alle eeue bely ek daarom: Ek glo in Jesus Christus…wat neergedaal het na die hel.

3. SLOT

Die paradys ook vir my geopen

Ja, Jesus ***hét*** neergedaal na die hel. Maar daarom kon Hy vir die moordenaar wat in die hel was (aan die kruis, die vloekhout) en vir alle helwaardiges wat in Hom glo, die paradys open met die sleutel - en daar is geen ander een nie - van sy hellevaart.

Daarom sal die woorde van ons belydenis vir my die grootste troos denkbaar bly. AMEN